KRIEKETVERSLAG 2023

Voortrekker se krieketspelers het die afgelope seisoen gesorg vir hope opwinding op die krieketveld.

Die 1ste krieketspan het aan verskeie toernooie deelgeneem en in die proses meer wedstryde as normaal gespeel. Die hoogtepunt was natuurlik Potchefstroom Gimnasium se elite-krieketfees, waar die seuns die geleentheid gekry het om teen groter en erkende krieketskole te speel. Al die harde werk en lang ure se oefen was die moeite werd toe hierdie span as die gesamentlike wenners van die Goudveld-krieketliga gekroon was. As gevolg van die baie reën, kon die finaal nie plaasvind nie.

Die o/15A-krieketspan se liga is weer in volle swang en daar word met groot opwinding en afwagting na hierdie span gekyk.

Die o/15B-; o/18B- en dogterspan neem aan die Thabo Mofutsanyana A-liga deel en speel deurgaans kompeterende krieket. Spesiale melding moet gemaak word aan die dogters, wat ‘n uitsonderlike seisoen beleef het.

Die afgelope jaar het ook die ontstaan van die opwindende Free State Premier League gesien en verskeie seuns het die geleentheid gehad om saam met, sowel as teen, die beste jong krieketspelers in die Vrystaat te speel.

Verteenwoordigende spanne:

SA Platteland o/18 uitnodigingspan na Indië:

Hendrik Janse van Rensburg

Juan Theunissen

Thabo Mofutsanyana o/16:

Heindré Serfontein

Vlag Janse van Rensburg

Abi Tshonti

Thabo Mofutsanyana o/18:

Juan Theunissen

Thato Nthebere

Thabo Mofutsanyane dogters:

Miné Alberts

FREE STATE PREMIER LEAUGUE (FPL):

Presley Lesoro	(Golden Gate Guardians o/19)
Wean Claasen	(Golden Gate Guardians o/19)
Hendrik Janse van Rensburg	(Golden Gate Guardians o/19)
Handré Fourie	(Golden Gate Guardians o/16)
Juan Theunissen	(Golden Gate Guardians o/16)
Thato Nthebere	(Golden Gate Guardians o/16)
Jurie Knobel	(Caspian Tigers o/16)
JD van Dyk	(Bloem Hornets o/16)
Heindré Serfontein	(Golden Gate Guardians o/14)
Paul Naude	(Golden Gate Guardians o/14)
Vlag Janse van Rensburg	(Golden Gate Guardians o/14)

Baie dankie aan elke afrigter, borg, ouer, ondersteuner en terreinpersoneel wat deel in ons liefde en passie vir hierdie spel – veral aan mnr. Connie Claassen wat die kolfblad vir elke wedstryd voorberei en seker maak dat dit van topgehalte is.

Ons kan nie wag om te sien wat volgende jaar vir Voortrekker-krieket inhou nie.

Jakkals Scheepers

Kriekethoof